

Prince Albert Municipality
Leeu Gamka - Prince Albert - Klaarstroom

# The PAMUN POST

JUL/AUG 2026



From left: Premier Alan Winde, Chief Engineer Keegan de Waal, and Minister Tertuis Simmers












Western Cape Premier Alan Winde, Provincial Minister of Infrastructure Tertuis Simmers and Provincial Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning Anton Bredell visited the Prince Albert municipal area on 16 July 2026. Accompanied by municipal representatives, engineers and disaster management officials, the delegation inspected Meiringspoort and the Swartberg Pass and met with affected communities in Klaarstroom and Prince Albert.

The visit highlighted the extraordinary scale of the storm damage. Flood levels in Meiringspoort reached approximately twice the height recorded during the 1996 flood. All river crossings sustained damage, while four major sections of the road were completely washed away. More than 80 truckloads of debris had already been removed by the time of the visit. The Swartberg Pass was also damaged, but reopened in June following emergency work. The permanent restoration of Meiringspoort is expected to take at least two years and cost hundreds of millions of rand, as complex engineering, environmental and heritage requirements must be addressed.

The Western Cape Government is working towards a temporary solution that could allow Meiringspoort to reopen under strict access controls by December 2026, subject to favourable conditions. Support is also being provided through engineering expertise, infrastructure planning, disaster management coordination and temporary education arrangements for affected learners. Prince Albert Municipality will continue working with the relevant provincial departments to support residents, businesses and visitors, while ensuring that verified recovery updates are shared with communities.







www.pamun.gov.za
023 541 1036
23 Church Street, Prince Albert
rekords@pamun.gov.za

# Message from the MAYOR



Geagte inwoners / Dear residents,

Die artikels in hierdie uitgawe van die PAMun Post vertel 'n interessante verhaal en weerspieël die lewe en dienslewering in ons drie dorpe.

I will not pretend that the tough times are behind us. The closure of Meiringspoort continues to hurt businesses, agriculture, tourism and everyday life. The summer ahead brings its own pressures: extreme heat, pressure on our water resources and increased fire risks. These challenges are real, and we face them with a clear understanding of what lies ahead.

But what this period has also shown me is how much we can do when we work together and support each other. Attending the Prince Albert Community Trust's AGM recently reminded me of something important: the partnerships working quietly in the background of our communities are among our greatest assets. These partnerships exist not only between the Municipality and other spheres of government, but also between organisations, businesses and residents who show up, contribute and take responsibility. That is where solutions are found.

As we move into spring and towards a new season, that is the spirit I hope we can continue to build on. We want to be a municipality that is honest about what is difficult, clear about what it is doing and committed to finding solutions together with the community.

Ons doel het nie verander nie: ons wil hê dat Prins Albert, Leeu-Gamka en Klaarstroom moet floreer, nie net oorleef nie. Maar om te floreer, is nie iets wat 'n munisipaliteit aan 'n gemeenskap lewer nie. Dit is iets wat ons as gemeenskap saam bou.

Kom ons stap hierdie pad saam — die Raad, die administrasie en die gemeenskap.

Vriendelike groete,

Burgemeester Linda Jaquet











# Message from the MM

As we move towards the warmer months, current climate conditions indicate that the Western Cape may experience higher temperatures, an increased risk of fires and greater pressure on water resources. While these challenges are not new to our region, changing weather patterns remind us that preparedness remains one of our greatest tools.

Prince Albert Munisipaliteit continues to engage with the Western Cape Government and other relevant partners as preparations for the summer season continue. From protecting our water resources to strengthening fire and disaster readiness, our focus is on doing what we can to reduce risks and ensure that our communities are as prepared as possible.

I would also like to thank our municipal employees, particularly those working in our technical, water, fire, disaster and community services, for the work they continue to do throughout the year. Much of the preparation that keeps our communities safe happens long before an emergency occurs, and their commitment is greatly appreciated.

Preparedness, however, is a shared responsibility. I encourage every resident, business and organisation in Prince Albert, Leeu-Gamka and Klaarstroom to think about what they can do to use water responsibly, reduce fire risks and prepare for periods of extreme heat.

We look forward to continuing to work alongside our communities and our government partners during the months ahead. By staying informed, preparing early and looking out for one another, we can strengthen the resilience of our entire municipal area.



# Brandweerdemonstrasie bevorder veiligheidsbewustheid in Klaarstroom



Prins Albert Munisipaliteit se Brandweerdienste het op Woensdag, 12 Augustus 2026, ’n praktiese brandweerdemonstrasie op die sportveld van Klaarstroom Primêr aangebied. Leerders van die skool, kinders van Mickey Mouse Crèche en lede van die gemeenskap het die geleentheid bygewoon. Die demonstrasie het deelnemers meer geleer oor die werk van die brandweer en die belangrikheid van brandveiligheid.

Die geleentheid vorm deel van Brandweerdienste se voortgesette pogings om brandveiligheidsbewustheid te bevorder en gemeenskappe meer by veiligheid en voorkoming te betrek. Die Munisipaliteit bedank die prinsipaal en personeel van Klaarstroom Primêr, Mickey Mouse Crèche en die gemeenskapslede wat tot die sukses van die leersame demonstrasie bygedra het.



# Amptelike opening van Gesinspark & Buitelug-gimnasium



*Van links: Munisipale bestuurder Thys Giliomee, Sean Riley, Matilda Mooneys, burgemeester Linda Jaquet, MPL Peter Johnson, onderburgemeester Sidney Koonthea, en speaker Magrietha Jaftha*







Die Gesinspark en nuwe Buitelug-gimnasium in Prins Albert is op 14 Augustus 2026 amptelik geopen. Die projek verteenwoordig 'n belangrike belegging in gemeenskapsontspanning, gesondheid en 'n gedeelde openbare ruimte vir inwoners van alle ouderdomme. Sprekers tydens die program was burgemeester Linda Jaquet, onderburgemeester Sidney Koonthea, direkteur: Korporatiewe en Gemeenskapsdienste, Gwynnefer Harding, en gasspreker mnr. Peter Johnson (MPL). Die Speaker van die Raad, me. Magrietha Jaftha, het die park en gimnasium amptelik oop verklaar.

Die buitelug-gimnasium is met befondsing van die Nasionale Departement van Sport, Kuns en Kultuur opgerig, terwyl munisipale spanne, kontrakteurs en ander rolspelers die park deur landskapswerk, nuwe tuine, 'n boorgat en die aanplant van bykomende bome help vernuwe het. Sean Riley en Jason Hemar van The Gables Fitness het tydens die opening gewys hoe die oefentoerusting veilig en doeltreffend gebruik kan word.

Die park behoort aan die hele gemeenskap, en inwoners word aangemoedig om dit verantwoordelik te benut en te beskerm sodat dit ook vir toekomstige geslagte 'n veilige en aangename ruimte kan bly.









# Friends of the Swartberg Pass Initiative Takes Shape



Municipal Manager Thys Giliomee and Director Gwynne Harding



Kgaugelo Shadung (CapeNature)




Minister Ricardo Mackenzie




Dr Judy Maguire



A stakeholder meeting was held on 14 August 2026 to discuss the establishment of Friends of the Swartberg Pass. The proposed community-based organisation aims to support the protection, appreciation and sustainable management of the Swartberg Pass and its surrounding landscape. It will provide a platform through which government, civil society and the broader community can collaborate on conservation, heritage protection, responsible tourism, education, awareness and future projects. Western Cape Minister of Cultural Affairs and Sport, Ricardo Mackenzie, attended the meeting and expressed his support for the initiative.

Stakeholders from both the Prince Albert and Oudtshoorn sides of the Swartberg Pass demonstrated their commitment to working together to protect this important natural and cultural asset. An interim committee will now develop the organisation's vision, mission, objectives, constitution, membership principles and communication strategy, while also considering priorities such as road maintenance, heritage signage, road safety, youth development and visitor facilities. Prince Albert Municipality looks forward to seeing how this collaborative initiative evolves and contributes to preserving the Swartberg Pass for future generations.



Munisipal Manager Thys Giliomee and Mayor Linda Jaquet




Dr Sue Milton-Dean






Nickey le Roux




Diederik le Grange

www.pamun.gov.za | 023 541 1036 | 23 Church Street, Prince Albert | rekords@pamun.gov.za

# Biblioteekoriëntering en stories






Photos: Prins Albert Biblioteek

Graad 1-leerders van Prins Albert Primêr het gedurende Augustus die biblioteek besoek vir 'n oriënteringssessie en 'n heerlike storietyd. Só word 'n liefde vir boeke en lees van jongs af aangemoedig – een storie op 'n slag.

Ons moedig alle inwoners aan om van die vier biblioteke in ons drie dorpe gebruik te maak en die wonderwêreld van lees te ontdek.






# CV & Skills

## Audit Assistance for Residents




Prince Albert Municipality, together with the Western Cape Government, hosted a CV and skills audit assistance session at the Klaarstroom eCentre on 5 August 2026. Residents received assistance with updating their CVs, completing skills audit questionnaires, and registering on the municipal database.

The initiative helps record residents' existing skills and experience while improving their readiness for potential employment and development opportunities. Similar sessions will also be hosted in Prince Albert and Leeu-Gamka to ensure that residents across the municipal area have access to this support.


# Love Your Street Campaign Promotes Community Pride in Leeu-Gamka



Photos: GCIS Western Cape (Facebook)





The three-day Milestones of Freedom programme concluded on 24 July 2026 with a community clean-up near Leeu-Gamka Primary School. The Love Your Street Campaign brought together the Government Communication and Information System, Western Cape Government Community Development Workers Programme, Prince Albert Municipality, ward committee members, Law Enforcement, the Community Work Programme, the Independent Development Trust and local residents.

Participants worked together to improve the appearance of the area and promote cleaner, safer and more welcoming public spaces. Additional locations were identified for future activities, ensuring that the campaign continues beyond the initial activation. The initiative demonstrated what can be achieved through practical cooperation and encouraged residents to take pride in their neighbourhoods and share responsibility for keeping them clean.

# Strengthening Local Economic Development

Prince Albert Municipality participated in a Local Economic Development (LED) Maturity Assessment on 9 July 2026, facilitated by the Western Cape Department of Economic Development and Tourism. The process brought together municipal leadership and officials, as well as representatives from the local business chambers, to reflect on how the Municipality plans, coordinates and implements local economic development.

The assessment highlighted areas of strength and identified opportunities for further development. Its purpose was not to measure performance, but to establish a baseline for learning and continuous improvement. The findings will help guide targeted provincial support and capacity-building, strengthen stakeholder collaboration, and improve the Municipality's ability to monitor the outcomes and long-term impact of LED initiatives.






# Women's Month Celebration Brings Staff Together



Female staff members from Prince Albert, Klaarstroom and Leeu-Gamka gathered on 21 August 2026 for a special Women's Month celebration. The programme included motivational messages, a creative activity, lucky draws, music and an opportunity for colleagues from across the municipal area to connect. Councillor Elsabe Maans opened the programme, while guest speaker Ingrid Wolgard shared an inspiring message about women's strength, confidence and the importance of supporting one another.

Prince Albert Municipality extends its appreciation to Theresa Hendriks and Estelle May for organising the event and creating an occasion where every woman felt welcome and valued. The Municipality also thanks Councillor Maans for her contribution and all the sponsors who helped make the celebration possible. The celebration encouraged women to continue empowering and uplifting one another, thereby contributing to stronger families and communities.






# Vrouemaandtee vir ons Biblioteekvriende

Op Woensdag, 26 Augustus, het die Prins Albert Biblioteek 'n spesiale Vrouemaandtee vir die Biblioteekvriende-komitee aangebied. Dit was 'n gesellige uur van heerlike saamkuier en gesprekke, met die doel om dankie te sê aan elke besondere vrou wat haar tyd, energie en ondersteuning so ruimhartig aan die biblioteek gee.

Hul waardevolle bydrae word deur die jaar opreg waardeer, maar veral tydens die jaarlikse Biblioteekweek, wanneer hulle 'n belangrike rol speel om die program 'n sukses te maak. Aan elkeen van ons Biblioteekvriende: baie dankie – ons waardeer julle!



# Noodoefening toets gereedheid by Thusong-sentrum



Prins Albert Munisipaliteit se span vir beroepsgesondheid en -veiligheid het op 19 Augustus 2026 sy eerste noodoefening by die Prins Albert Thusong-sentrum uitgevoer. Die scenario het 'n elektriese kortsluiting nageboots wat 'n brand veroorsaak het. Omdat die sentrum op daardie stadium deur werknemers en talle gemeenskapslede gebruik is, het die oefening 'n waardevolle geleentheid gebied om die ontruimingsproses onder realistiese omstandighede te toets.

Wetstoepassing en Brandweerdienste het op die alarm gereageer, waarna die geboue ontruim en die beheerde brand geblus is. 'n Gesimuleerde pasiënt is ook as deel van die oefening behandel. Personeel van Binnelandse Sake, Maatskaplike Ontwikkeling, SASSA en die biblioteek het aan die ontruimingsproses deelgeneem. Hulle het die oefening verwelkom en met die Munisipaliteit saamgewerk om die veiligheid van personeel en gemeenskapslede te verseker.

Die oefening het reaksietye, samewerking tussen die betrokke spanne en gebougebruikers se kennis van die aangewese versamelpunt getoets. Die lesse wat hieruit geleer is, sal gebruik word om noodprosedures verder te verfyn en die Munisipaliteit se gereedheid vir werklike noodsituasies te versterk.





















# MKMO-Besigheid Ekspo in Klaarstroom

Die Mikro-, Klein- en Mediumondernemings (MKMO) besigheid ekspo is op 21 Julie 2026 by die Klaarstroom Thusong-satellietsentrum aangebied. Die Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering, insluitend die Thusong-uitreikprogram en Gemeenskapsontwikkelingswerkersprogram (ook bekend as CDW's), die Wes-Kaapse Departement van Landbou en die Agentskap vir Klein-Ondernemingsontwikkelings en -finansiering (ook bekend as SEDFA), en die Sektor-onderwys- en Opleidingsowerheid vir Media-, Inligting- en Kommunikasietegnologie (ook mesken as MICT SETA) het aan die program deelgeneem. Plaaslike besighede en ander belanghebbendes het ook die geleentheid bygewoon en aan gesprekke oor plaaslike ekonomiese ontwikkeling deelgeneem.

Die program het gefokus op besigheidsondersteuning, marktoegang, befondsingsgeleenthede, landbouverwerking en die rol van klein ondernemings in gemeenskapsontwikkeling. Entrepreneurs kan steeds by die Klaarstroom e-sentrum inligting bekom oor hoe om 'n onderneming te begin, aan die nodige vereistes te voldoen en besigheidsgereed te word. 'n Gids van organisasies en maatskappye wat ondersteuning aan ondernemings bied, is ook daar beskikbaar.




# Personeelontwikkeling versterk Brandweerdienste

Lede van Prins Albert Munisipaliteit se Brandweerdienste het gedurende Augustus twee weke lange opleiding in Microsoft Word en Excel-sigblaaie by die Prince Albert WCG eCentre voltooi. Die opleiding het hulle toegerus met waardevolle rekenaarvaardighede wat hulle in die uitvoering van hul daaglikse administratiewe pligte kan gebruik.

Personeelontwikkeling bevorder nie net nuwe vaardighede nie, maar bou ook selfvertroue en ondersteun persoonlike groei. Die Munisipaliteit bedank Petra en Marne van die eCentre vir die aanbieding van die opleiding en hul ondersteuning aan die span. Ons is trots op die brandweerspan se bereidwilligheid om voortdurend te leer en hul vaardighede verder te ontwikkel.









# Tegniesgesproke

## Diefstal van munisipale infrastruktuur bedreig die gemeenskap

*Deur: D. M. R. Sarelse*



'n Probleem wat van tyd tot tyd voorkom, het ongelukkig weer sy kop uitgesteek in die Prins Albert munisipale gebied. Ek verwys na die diefstal van mangatdeksels uit ons riool- en stormwaternetwerke.

Die probleem word verder aangehits deur mense en besighede wat herwinbare materiaal aankoop sonder om noodwendig seker te maak waar die materiaal vandaan kom. Vir ons as munisipaliteit is dit 'n groot probleem, aangesien die risiko's wat met hierdie tipe diefstal gepaardgaan, uiters ernstig is.

Wanneer 'n mangatdeksel gesteel word, word 'n gevaarlike situasie vir die gemeenskap geskep. Kinders kan naby die oop mangat speel en daarin val, met moontlik ernstige gevolge. Daarbenewens kan ons stormwater- en rioolnetwerke verstop raak met allerlei afval wat mense daarin gooi wanneer die infrastruktuur oop en onbeskermd gelaat word.

'n Tipiese voorbeeld hiervan is in Buitekantstraat in Prins Albert, waar 'n rooster oor 'n stormwatersloot stuk vir stuk weggedra is. Die munisipaliteit het die dele van die rooster aan mekaar vasgesweis in 'n poging om dit moeiliker te maak vir diewe om dit te verwyder. Ten spyte hiervan is verskeie meters van die rooster steeds weggedra en vermoedelik vir herwinning verkoop. Dit skep 'n ernstige risiko vir ons gemeenskap en bedreig die behoorlike funksionering van die stormwaternetwerk. Dieselfde risiko geld vir riool- en ander munisipale infrastruktuurnetwerke.

Wat die diefstal van kabels en elektriese toerusting betref, het die aantal voorvalle in Prins Albert tans afgeneem. Leeu-Gamka bly egter 'n hoërisikogebied wanneer dit by hierdie tipe diefstal kom.

Die koste verbonde aan die vervanging en herstel van gesteelde munisipale infrastruktuur het 'n groot impak op die munisipale begroting. Elke keer wanneer toerusting gesteel of infrastruktuur beskadig word, beteken dit dat fondse wat vir dienslewering aangewend kon word, eerder gebruik moet word om skade te herstel of toerusting te vervang.

Dit ontwrig ons dienslewering ernstig en plaas uiteindelik 'n groter las op die munisipaliteit én die gemeenskap.
Ek wil daarom 'n ernstige beroep op al ons inwoners doen: Help ons om ons munisipale infrastruktuur te beskerm. Meld enige diefstal, verdagte optrede of verwydering van munisipale toerusting onmiddellik aan.

Skakel die munisipaliteit se noodnommer by **082 220 0848**, of **023 541 1668** gedurende kantoorure.

Ons kan hierdie probleem nie alleen bekamp nie. Ons maak staat op gemeenskappe regoor ons munisipale gebied om saam met ons teen hierdie euwel op te tree.

Munisipale infrastruktuur behoort aan ons almal. Wanneer dit gesteel of beskadig word, raak die gevolge ons almal.







# THUSONG MOBILE OUTREACH BRINGS GOVERNMENT SERVICES CLOSER TO **KLAARSTROOM AND LEEU-GAMKA**

Prince Albert Municipality, in partnership with the Western Cape Government, various government departments and other stakeholders, successfully hosted a Thusong Mobile Outreach Programme in Klaarstroom on 22 July 2026 and in Leeu-Gamka on 23 July 2026. The outreach formed part of the Thusong Service Centre Programme, which aims to bring essential government services and information closer to communities, particularly those in rural and remote areas. The initiative provided residents with an opportunity to access multiple government services under one roof, reducing the need to travel long distances to larger towns for assistance.

A wide range of services was made available to community members during the two outreach events. These included assistance from the Department of Home Affairs with Smart ID applications and enquiries, as well as SASSA services relating to applications, screening, intake and general enquiries. Services and information from the Department of Social Development were also available to residents.

Community members also received information about agricultural programmes, housing subsidy opportunities, Expanded Public Works Programme (EPWP) skills development, contractor development and other infrastructure-related programmes. Legal and justice-related services, including assistance from RAF Buddies, Legal Aid and the Public Protector, were also available.
Other participating stakeholders included the Government Communication and Information System (GCIS), financial service providers and representatives who provided information on land reform, rural development and Road Accident Fund-related matters.

The outreach demonstrated the importance of cooperative governance and the Batho Pele principle of putting people first. By bringing government departments and service providers directly into communities, residents were able to engage with officials, receive information and access services that may otherwise have been difficult or costly to obtain. The programme also created an important platform for direct engagement between government and communities, allowing residents to raise questions, obtain clarity on government programmes and learn about the opportunities and support available to them.

Prince Albert Municipality extends its sincere appreciation to the Western Cape Government, all participating national and provincial departments, stakeholders, community leaders and the residents of Klaarstroom and Leeu-Gamka who contributed to the success of the outreach programme.
The Municipality remains committed to supporting initiatives that improve access to government services and ensure that rural and remote communities are not left behind.











www.pamun.gov.za   023 541 1036   23 Church Street, Prince Albert   rekords@pamun.gov.za

# Church Street Pavement Completed



Local employees Jacobus Wildeman and Nico Claassen showed the Mayor how to operate heavy machinery during the project.

Although municipal projects take time, our teams remain committed to completing them properly while keeping up with essential maintenance across all areas of our municipality.









# Planning for World Food Day

The Western Cape Department of Agriculture visited Prince Albert Municipality on 13 of July as part of the preparations for World Food Day 2026. Following events in George and Uniondale in 2024 and Moorreesburg in 2025, the Central Karoo will host the provincial event in 2026.

World Food Day is annually celebrated on 16 October, while the proposed date for the Prince Albert event is Friday, 9 October 2026. Planning is continuing in collaboration with the relevant stakeholders, and further information will be shared with the community once the programme and arrangements have been finalised.









# Gratis Aanlynleer vir Ons Gemeenskap

Prince Albert Munisipaliteit moedig inwoners van ***Prins Albert, Leeu-Gamka en Klaarstroom*** aan om gebruik te maak van die gratis **Entrepreneurship Academy** aanlynleerplatform. Die platform bied honderde praktiese kursusse wat daarop gemik is om persoonlike groei, werksplekvaardighede, entrepreneurskap, landbou, ouerskap, persoonlike finansies en ander alledaagse leerbehoeftes te ondersteun.

Die platform is **24/7 aanlyn beskikbaar** en kan deur personeel, inwoners, families en vriende gebruik word. Gebruikers ontvang ook 'n sertifikaat van voltooiing vir elke kursus wat hulle voltooi, wat dit 'n waardevolle geleentheid maak om gratis vaardighede te ontwikkel.

Besoek die webwerf en registreer:
**https://www.worldclasscities.org/pages/princealbert**


A VERY WARM WELCOME TO

## The Prince Albert Entrepreneurship Academy


World-class short practical free courses to help you start and grow a business as well as improve your quality of life

- ✓ Full Lifetime Access
- ✓ Truly Free (no ads or subscriptions)
- ✓ Certificate of Completion


Proudly brought to you by the Prince Albert Municipality




**The 14 Day Startup Challenge**
An easy-to-do 14 day course with daily...
**Free**
★ 4.8 (151) ⊙ 16




**Understanding the entrepreneurial...**
Inspired by the book called "Corporate...
**Free**
★ 4.8 (105) ⊙ 1



**Eradicating Entrepreneurial poverty**
This wonderful short course will help you...
**Free**
★ 5.0 (7) ⊙ 9




**Helping you think differently about...**
This wonderful short course will help broaden...
**Free**
★ 4.7 (3) ⊙ 11




**Understanding Money and how to handle it: a...**
A powerful and easy to follow course for all...
**Free**
★ 4.8 (26) ⊙ 18




**Understanding why the economy matters to...**
A powerful short course to explain why the...
**Free**
★ 5.0 (7) ⊙ 8




**How to find your first 10 customers**
A short practical courses for startups on founder-...
**Free**
★ 4.6 (17) ⊙ 10




**250 Business Ideas for you to think about**
Stuck in deciding what business to start? Then...
**Free**
★ 5.0 (6) ⊙ 3



**Sustainable Entrepreneurship**
A course to assist and inform individuals who...
**Free**



**How to find your first clients for your business**
A collection of advice given by experienced...
**Free**



**Short Answers to your small Business...**
Short courses to help entrepreneurs and small...
**Free**



**How to face challenges with your co-founder...**
This is a course to help you face the inevitable...
**Free**

# Tourism in Town

## Dankfeesnaweek bring gemeenskap bymekaar

Die NG Kerk Prins Albert se Dankfeesnaweek het van 7 tot 9 Augustus plaasgevind en inwoners en besoekers saamgebring vir 'n heerlike naweek van geloof, saamkuier en Karoo-gasvryheid. Die program het Vrydagaand met 'n potjiekoskuier begin, gevolg deur Saterdag se Dankfees-prestap oor die Gordon-koppie en die gewilde Dankfeesbasaar. Die naweek is Sondagoggend met 'n spesiale dankdiens afgesluit.




*Photos: NG Kerk Prins Albert (Facebook)*




## VINO CAMINO
### Attracts Wine Lovers to Prince Albert

The Vino Camino attracted wine lovers to Prince Albert on 14 and 15 August for a unique walking wine festival set against the backdrop of the Swartberg Mountains. Visitors followed a route of approximately four kilometres through the town, stopping at various tasting stations to enjoy wines from 32 producers representing different wine regions across the Western Cape. With local food, welcoming venues and the town's distinctive hospitality, the event brought together wine, community and the unique Prince Albert lifestyle in a memorable way.





*Photos: Prince Albert Tourism/Toerisme (Facebook)*




## Kaleidoscope
### Musiek & Kuns Fees

Die Kaleidoskoop Musiek- en Kunstefees het van 21 tot 23 Augustus 'n besondere viering van musiek, kuns en gemeenskap na Prins Albert gebring. Met 'n program van konserte, werkswinkels en optredes deur talentvolle kunstenaars het die fees verskeie plaaslike venues benut en waardevolle geleenthede vir musiekontwikkeling en kennisdeling geskep. Die fees het Prins Albert se groeiende reputasie as 'n bestemming vir kultuur en kreatiwiteit verder versterk.




*Photos: Wilbur Klaaste (Facebook)*






# Project Updates

## Klaarstroom
### Upgrade of Water Treatment Works



The Klaarstroom Water Treatment Works is being upgraded to improve the reliability and quality of the town's drinking water supply. The project is essential to ensure compliance with Blue Drop requirements and national drinking water quality standards.

Following a rigorous evaluation process, the tender was awarded to Master Maize (Pty) Ltd. During the initial phase, the contractor employed five local men and five local women from the Klaarstroom community to assist with clearing and preparing the site.









## Prins Albert
### Opgradering van Odendaalstraat

Ná 'n finale terreinbesoek op 10 Julie 2026 het die opgradering van Odendaalstraat amptelik op 27 Julie begin. Die projek fokus op die verbetering van die grondpadgedeelte voor SPAR en vorm deel van voortgesette pogings om plaaslike padinfrastruktuur te verbeter.

'n Gedeelte van Odendaalstraat bly gesluit terwyl die kontrakteur met die opgraderingswerk voortgaan. Inwoners en motoriste word versoek om die konstruksieterrein te vermy en alle padtekens en instruksies van personeel op die terrein te volg. Toegang en parkeerreëlings naby SPAR kan aangepas word namate die projek vorder.



# Emergency Contacts

**Prince Albert Municipality 24/7 Emergency / Prince Albert Munisipaliteit 24/7 Noodnommer:**
082 220 0848

**Traffic & Law Enforcement / Verkeer en Wetstoepassing:**
023 541 1648

**Hospital / Hospitaal:**
023 814 2996

**Fire / Brandweer:**
079 265 2087

**Ambulance / Ambulans:**
10177

**Police / Polisie:**
023 541 8000
082 559 4724 – Alternative / Alternatief

**Pharmacy / Apteek:**
023 541 1058
082 470 7722 – Emergency / Noodnommer
063 609 5580 – After-hours WhatsApp / Na-ure WhatsApp

**Karoo Tourism Safety Officer / Karoo Toerisme-veiligheidsbeampte:**
Ilze Jacobs – 082 972 2507











# Prince Albert Municipality

**Office Hours / Kantoorure:**
Mon to Fri / Ma tot Vr:
08:00 – 16:30

**Address / Adres:**
Thusong Centre, Adderley Street
Prince Albert, 6930

**General Enquiries / Algemene Navrae:**
023 541 1036/014

**Municipal Accounts / Munisipale Rekeninge:**
023 541 1552

**Website / Webwerf:**
www.pamun.gov.za

**Facebook:**
facebook.com/pamun.gov.za








www.pamun.gov.za | 023 541 1036 | 23 Church Street, Prince Albert | rekords@pamun.gov.za

# Brandbestryding

## WANNEER KAN JY DIE BRANDWEER BEL?

*Bel die Brandweer onmiddellik vir:*

- 'n Huis-, kombuis-, motor- of geboubrand
- 'n Veld-, plaas- of wegholbrand
- 'n Brand in 'n informele nedersetting
- 'n Voertuigongeluk waar mense vasgekeer of beseer is
- Rook, 'n gasreuk of 'n moontlike gaslekkasie
- Gevaarlike chemikalieë of brandstof wat gemors het
- Mense of diere wat vasgekeer is en gered moet word
- Enige ander noodsituasie wat 'n onmiddellike gevaar vir mense, eiendom of die omgewing inhou




## WAT MOET JY DOEN WANNEER JY DIE BRANDWEER BEL?

*Bly kalm en gee die volgende inligting duidelik:*

- Jou naam en kontaknommer
- Die presiese adres of ligging van die noodgeval
- Die naam van die plaas, pad, woonbuurt of naaste bekende landmerk
- Wat brand of watter tipe noodgeval dit is
- Of mense beseer, vermis of vasgekeer is
- Of daar enige gevaarlike stowwe, gasbottels, brandstof of elektriese gevare is
- Hoe groot die brand is en of dit besig is om te versprei
- Moenie die oproep beëindig voordat die operateur al die nodige nligting ontvang het nie
- Stuur iemand, indien dit veilig is, na die pad om die brandweer na die toneel te wys
- Hou toegangspaaie en hekke oop en maak seker dat brandweervoertuie kan deurkom









**Bel:**
**079 265 2087**

## Belangrike Veiligheidswenke

- Bel vroeg – moenie wag totdat die brand buite beheer is nie.
- Kry almal uit die gebou en bly buite.
- Moenie teruggaan vir besittings nie.
- Moenie probeer om 'n groot of vinnig verspreidende brand self te blus nie.
- Hou kinders en omstanders weg van die toneel.
- Moenie vals noodoproepe maak nie – dit kan iemand anders se lewe in gevaar stel.